



Des 2021, Jan & Feb 2022

Ons Visie: Deur Christus-liefde gee ons vir almal om

Liewe NG Rietfontein-Suid Lidmaat,

Dis Adventstyd en amper Kersfees, en steeds leef ons saam met die veranderinge wat deur COVID in ons lewens en in ons Kerk-wees veroorsaak is.

Ons kan egter steeds getuig dat ons gemeente nog altyd 'n baken van omgee en hoop was, is en ook vorentoe sal wees. Daarom weet ons dat, deur die krag van die Heilige Gees, ons ook in hierdie Kerstyd die Here se Naam sal verheerlik in álles wat ons doen.

Ons wil weer dankie sê vir elke lidmaat se positiewe en liefdevolle gesindheid in hierdie tyd. Dankie vir elke lidmaat wat met verantwoordelik die sosiale reëls respekteer, en voortdurend vir ons land en haar leiers bid. Dankie dat u ook voortdurend bid vir die kerkleiers, vir alle persone wat op een of ander manier direk besig is om teen die virus te "veg", vir mense wat tans siek is, en vir hulle wie se geliefdes in hierdie tyd afgesterwe het/afsterwe. Ons wil ook ons opregte dank uitspreek aan elkeen wat op een of ander manier ons lidmate en gesinne in nood ondersteun.

Mag ons álmal in hierdie Kerstyd naby aan die Here leef en mag óns ervaar hoe die Here ons in hierdie krisistyd steeds veilig vashou. Mag die Here vir óns wysheid gee om Kerk te wees, Sy

JAARTEMA: Saam delf ons in die WOORD

Kerk te wees ook in hierdie tyd.

Ons sien uit na 2022, waar ons glo ons as gemeente "oper" kan wees en meer aktiwiteite kan aanbied wat met groter vrymoedighied deur u as lidmaat bygewoon kan word.

Bly asseblief saam met ons bid en vir die Here vra hoe Rietfontein-Suid na 'n "beter" normaal kan terugkeer, wat Sy plan vir ons as gemeente is, waar en hoe Hy wil hê ons steeds 'n verskil moet bly maak. Dis belangrik dat ons as Christene en as gemeente sal raaksien waar God reeds aan die werk is, **sodat ons by Sy wil en plan kan inskakel.**

Daarom moet ons 2022 ingaan deur op die Here te vertrou en **op Hom te wag (dit is ons Jaartema vir 2022)**, met die wete/die belofte van Jesaja 60:22b in gedagte: **"Wanneer die tyd daarvoor kom, doen Ek dit. Ek is die Here"**.

Hebreërs 10:22 - 23 verwoord dit ook mooi: "...laat ons tot God nader met 'n opregte hart en met volle geloofsekerheid...Laat ons styf vashou aan die hoop wat ons bely, want God is getrou: Hy doen wat Hy beloof het".

Liewe Gemeentelid, mag u 'n Geseënde Christusfeestyd beleef, en mag u met u hand styf in Syne die nuwe jaar binnegaan.

Groete in Christus,

Di Leon Tait en Petro Jonker





---- DATUMS VAN BELANG ----

- ♦ **4 Des:** Moot Mark & Karwas 9:00 - 13:00
- ♦ **15 Des:** Skole sluit
- ♦ **16 Des:** Geloftediens om 9:00
- ♦ **25 Des:** Kersdiens om 9:00
- ♦ **31 Des:** Oujaarsdiens om 18:00
- ♦ **8 Jan:** Moot Mark & Karwas 9:00 - 13:00
- ♦ **12 Jan:** Skole open



Opsomming van Oktober werkwinkel, aangebied deur RFS Familiebediening en Dr Jan Botha

Dis jammer dat die hele RFS dit nie bygewoon het nie, maar hier is die essensie van die Werkwinkel om dit in jou eie lewe toe te pas:

Elkeen van ons as volgeling van Jesus het 'n roeping as Priester, Profeet, en Koning in diens van die Lewende Here. Ons moet diensbaar wees in sy Koninkryk hier op aarde.

Om geroepe te wees beteken ons staan voor God Drie-enig as die Roeper self: die liefdevolle Vader, die versoenende Seun en die Heilige Gees wat elke oomblik kragtig in en deur ons werk.

As “**Koning**” (gesinsleier) moet ons leiding neem en 'n voorbeeld stel sodat ons ons gesinne en families op die pad kan lei wat die Here wil hê ons moet stap. Ons moet in die algemeen die Vrug van die Gees uitlewe – Liefde, lewensvreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, deernis, getrouheid, nederigheid, selfbeheersing, hoopvolheid, vrede-liewendheid, eensgesindheid, reinheid, insiklikheid, wysheid. (Ons kan dit net doen as ons elke dag saam met die Gees wandel)

As “**Priester**” (voorbidders) moet ons vir onsself, ons gesinne en families bid, oftewel intree by die Here. Ons moet na die Heilige Gees luister en ons mense help om in pas met die Here se wil te kom, en in vrede met die Here, hulself (hul gewetes), asook met ander mense te lewe.

As “**Profeet**” moet ons luister wat die Here se Woord vir ons sê, sodat ons rigting vir ons, ons gesinne en families kan gee. Ons moet ons kinders help om om die Here se wil te soek (**God se droom vir my / ons**), hul roeping en plek in die lewe te vind, om die sin van hul lewens te ontdek, en om rentmeesters te wees van alles wat ons Vader aan ons toevertrou.

Om só te kan lewe moet ons ons lewens op vyf prioriteite fokus:

Nommer 1 - My verhouding met my **Here** - ek moet Hom liefhê / gehoorsaam met alles wat ek het.

Nommer 2 - My verhouding met **myself** - ek moet al meer die mens word wat God wil hê ek moet wees.

Nommer 3 - My verhouding tot my **naaste** – my man/vrou, kinders, familie en vriende.

Nommer 4 - My **werk** - om ook daar God se Koninkryk te laat kom.

Nommer 5 - My **vryetydsbenutting, sport en ontspanning** - om die daaglikse roetine af te wissel en van stres ontslae te raak.

MY PRIORITEITSBEPALING

PRIORITEITE	AKSIE PLAN / VERANDERINGS PLAN (bid vir leiding - wat / hoe kan ek verander). Pas dit toe, oftewel doen dit!
1. My verhouding met Jesus, die Here	a. b. c. d. e.
2. Myself	a. b. c. d. e.
3. My vrou / man, kinders, familie, vriende	a. b. c. d. e.
4. My werk	a. b. c. d. e.
5. Vryetydbesteding	a. b. c. d. e.

Maak só 'n verskil in Rietfontein-Suid en almal in jou lewe!

Jedidja Kerkprojek

Hiermee nooi die Gemeenteraad (Rietfontein-Suid Kerkraad) ons gemeentedele uit om prakties betrokke te raak by 'n nuwe Projek vir Werkloses in ons Gemeente en omgewing!

Word deel van 'n poging om Werkloses bloot te stel aan die Liefde en Omgee van ons Here en die Gemeente!

(Jedidja beteken "Geliefde van die Here")

Ons beoog om reeds vroeg in 2022 te begin om 10 gekeurde werkloses (10 gemeentedele en / of swart werkloses) binne die gemeentegrense te **help** om hul eie klein besigheidjies te begin en te vestig.

Hoe kan ons hulle help?

1. Keuring: Keur werklose mense met 'n basiese begrip, of iemand wat voorheen probeer het om 'n lewe te maak as:

Handyman-sweiser; Verwer; Teëllêr-plaveier; Houtwerker; Tuinuitlêr-tuinwerker; Elektriesien; Vloer-Matlêr; Meubel restoreerder; Loodgieter; Handyman-Nutsman (kraan wassers, gloeilampe, deurslotte, skarniere ens). Ons sal seker maak dat net mense wat 'n "entrepreneurs ingesteldheid" het vir die projek gekeur word.

2. Afrigters: Iemand in die gemeente, as "afrigter", (bv afgetrede sweiser, loodgieter ens) neem een van die werklose leerlinge onder sy vlerk

2.1 om op te lei in die tegniese aspekte (vaardighede) van die gekose werksgebied.

2.2 Die afrigter help die werklose om werkies te soek in die gemeente,

2.3 Opmetings te doen/ kwotasies te bereken,

2.4 Materiale aan te koop. Materiale vir projekte / werkies moet aangekoop word met behulp van 'n deposito wat die kliënt betaal (volgens die kwotasie).

2.5 Die werk uit te voer saam met die werklose leerling.

2.6 Die afrigter doen dit alles gratis en vrywillig, as bydrae aan die gemeente projek.

2.7 Die afrigter wys die leerling ook hoe om die geldsake van die projekte op datum te hou.

2.8 Die afrigter gee die projek inkomste minus uitgawes netso deur aan sy leerling

3. Gereedskap: Koop / verskaf 'n toepaslike versameling gereedskap en toerusting aan elke persoon (b.v. Inverter sweisapparaat, 115mm hoekslyper-tjie, handboormasjien, maatband, hamer, tang ens).

3.1 Gemeentelede gee geldelike bydraes om nuwe gereedskap aan te koop, of skenk ongebruikte toerusting vir elke Leerling se gebruik

3.2 Die afgetredene / Afrigter hou dan die gereedskap by sy eie huis vir gebruik deur die Leerling en homself in die uitvoering van projekte. Dit word elke dag by die afrigter se huis gehou.

3.3 Die toerusting word eers aan die einde van die opleiding aan die leerling oorhandig as sy eiendom.

4. Saamleer. Die nuwe “Bedieningsleier” van Jedidjaprojekte, saam met al die “Afrigters” bring al die Werklose Leerlinge gereeld (bv elke week) bymekaar by 'n sentrale, geskikte lokaal, bv die kerksaal, **om van mekaar te leer**. Die struktuur / agenda vir hierdie geleenthede kan min of meer só verloop:

4.1 **Ligte ete** deur die gemeente verskaf (bv 'n toebroodjie en tee / koffie)

4.2 Elke werklose leerling onder leiding van sy / haar afrigter gee om die beurt **terugvoering** oor projekte wat die vorige week uitgevoer is, probleme wat hulle ervaar het, hoe hulle dit opgelos het, ens

4.3 Die bedieningsleier of ander kundiges gee 'n **kort lesing / riglyne** vir algemene sake soos hoe om 'n kwotasie te doen; hoe om 'n maatband te gebruik; hoe om pryse van materiale uit te werk; hoe om “boek te hou” van projekte se inkomste en uitgawes, ens.

4.4 Die hele groep Leerlinge en Afrigters bid saam vir spesifieke projekte, probleme, danksegging vir sukses, en vir toekomstige werk vir elkeen.

5. Terugvoer aan die Gemeente. Die bedieningsleier gee elke ses maande terugvoer aan die Gemeente in verband met die suksesse; mislukkings; inkomste deur die 10 Leerlinge verdien; ensovoorts

6. Hulp dringend benodig van u as gemeentelid. Om die projek van die grond af te kry, en voordat ons 10 werklose mense kan keur, benodig ons:

6.1 Vrywilligers (Afgetrede Sweiser, Elektrisiën ens) om as Afrigters hulp aan die Leerlinge te verskaf

6.2 Enige Geldelike bydraes, op die Gemeente rekening inbetaal. Ons reken ons kan 'n goeie begin maak in 2022, en vêr kom met die eerste R80000.


6.3 Skenking van ongebruikte tweedehandse Gereedskap / Toerusting vir die gebruik van Werklose Leerlinge wat vir deelname aan die Jedidja Projek gekeur word.

6.4 Miskien ken u ook 'n Werklose wat u aan ons kan voorstel vir keuring vir deelname aan die projek.

Vir meer inligting, of om u hulp aan te bied, kontak asseblief vir Peet Dorfling (084 464 7102) of Ds Leon Tait (082 601 4235)

RIETFLUIT ONTSPANNINGSHOEKIE

Tree Valley Academy



4 letter words

heat
lake
path
pool
warm

5 letter words

cabin
humid
kayak
trail

6 letter words

bikini
hiking
picnic
season
shorts

7 letter words

camping
cookout
cottage
puzzles
sandals

8 letter words

baseball
campfire
campsite
canoeing
holidays
popsicle
mosquito
swimming
outdoors

9 letter word

fireworks

10 letter word

watermelon

12 letter word

strawberries

SOEK DIE WOORD

HEBREËRS 10:19-23

- deur Theresa Jones.

K	O	L	K	O	N	E	V	S	K	U	L	D	I	G	E	W
H	E	I	L	I	G	D	O	M	S	O	J	L	O	I	T	E
B	N	E	M	T	M	O	O	S	U	E	A	D	N	D	A	W
L	I	F	T	J	D	A	R	A	W	L	G	G	I	E	M	A
G	E	D	U	O	A	F	H	S	J	A	W	E	D	O	A	G
E	B	E	O	R	O	J	A	S	E	S	H	W	U	M	N	S
W	Y	E	I	O	S	E	N	U	S	R	J	A	O	N	E	A
E	D	I	L	J	R	U	G	A	E	E	L	S	S	A	R	Y
T	E	E	N	Y	S	D	S	K	L	M	A	N	O	A	J	S
E	B	R	A	S	A	M	E	K	O	M	S	T	E	K	K	G
T	S	Y	A	R	K	S	L	E	D	I	E	I	N	M	O	E
N	W	A	G	U	F	E	S	I	L	Y	L	B	Y	D	I	T
O	N	T	E	O	O	K	I	O	M	S	I	E	N	K	E	R
O	J	E	O	M	K	D	N	E	B	L	D	I	U	R	S	O
W	S	L	T	Y	A	B	I	L	E	E	V	A	S	H	O	U
E	E	U	S	D	D	G	E	R	E	I	N	I	G	M	K	O
G	E	M	E	E	N	T	E	T	U	K	R	I	S	I	N	K

AANMOEDIG
BELOOF
BELY
GELOOFSEKERHEID
GEMEENTE
GEREINIG
GETROU


GEWAS
GEWETE
HEILIGDOM
LIEFDE
NAMATE
OMSIEN
OORDEELSDAG


SAMEKOMSTE
SKULDIGE
TOEGAAN
VASHOU
VOORHANGSEL

Jones T., Mei 2019, *Juig! Tydskrif*, Volume 11 Uitgawe 4, bl 9.



1-Brown 2-Red 3-Green 4-Yellow





Toets jou Bybelkennis

RAAI WIE?

Kyk hoeveel van hierdie vrae jy kan beantwoord voordat jy na die antwoorde op bladsy 15 kyk. Toets jou eie kennis en lees daarna die vrae vir vriende of gesinslede om te sien hoe hulle vaar!

1. Wie was die engel wat vir Sagaria en Elisabet gesê het dat hulle 'n seun, Johannes, gaan hê?
2. Wie is deur die Gees na die tempel in Jerusalem gelei om die Kindjie Jesus in sy arms te neem en God vir Hom te dank?
3. Aan wie het Jesus heel eerste ná Sy opstanding verskyn?
4. Wie was Klein-Jakobus en Joses (die seuns van Maria) se suster?
5. Na watter profeet het Jesus verwys toe Hy oor "die gruwel van die verwoesting" gepraat het?
6. Wie was die "laaste Adam" waarna Paulus verwys het in sy eerste brief aan die Korintiërs?
7. Vir wie het Paulus vooruitgestuur na Korinte voordat hy self daarheen gegaan het?
8. Na wie het Paulus in Troas gesoek?
9. Wie was die Joodse amptenaar wat Jesus gesmeek het om na sy huis te kom en sy sterwende dogtertjie te genees?
10. Watter een van Jesus se dissipels was 'n tollenaar voordat Jesus hom geroep het?
11. Wie se vrou het saam met haar twee seuns na Jesus gekom en gevra of hulle aan weerskante van Jesus kan sit wanneer Hy die koning word?
12. Wie was die Christen in Damaskus wat deur die Here gestuur is om Saulus van Tarsus te ontmoet?
13. Na watter profeet het die mense gedink roep Jees uit toe Hy op die Kruis de woorde uitgeroep het: "My God, my God, waarom het U My verlaat?"
14. Wie was die eerste man in die provinsie Asië wat in Christus geglo het?
15. Wie was die profeet in Sesarea wat sy hande en voete met Paulus se gordel vasgemaak het?
16. Wie was die dissipel wat ná Jesus se opstanding eers Sy letsels wou sien?

Sien antwoorde op bladsy 15

Oktober 2020, Juig! Tydskrif, Toets jou Bybelkennis, Volume 12 Uitgawe 9, bladsy 12.



*Every place that the sole of your foot
will tread upon I have given you.*

Joshua 1:3 NKJV

KINDERWYSHEDDE

HOE KOM 'N MENS IN DIE HEMEL?

'n Sondagskoolonderwyseres het die kinders in haar klassie getoos om te sien of hulle verstaan hoe 'n mens in die Hemel kan kom. "As ek my huis en my motor verkoop en al die geld vir die kerk gee, sal dit my in die Hemel kry?"

"Nee!" het die kinders geantwoord.

"As ek die kerk elke dag skoonmaak, die gras sny en die kerk se tuin netjies hou, sal dit my in die Hemel kry?" Weer eens was die antwoord: "Nee!" Hulle snap dit! Sy was so trots op haar klassie.

"Nou hoe kan ek dan in die Hemel kom?"

'n Seuntjie roep uit: "Jy moet dood wees!"

KLEURTERKUNS

'n Kleuterskoolonderwyseres stap deur die klas terwyl die kleuters teken. Sy vra 'n meisie wat ywerig besig is, wat sy teken.

"Ek teken die Here."

"Maar niemand weet hoe die Here lyk nie."

Sonder om op te kyk, antwoord die meisie: "Nou sal hulle weet."

Haller L., April 2021, Juig! Tydskrif, Kinderwysheide, Volume 13 Uitgawe 3, bladsy 7.

BOOMSLOPINGS & SNOEI

GRATIS KWOTASIE

VERSEKERING

KONTAK ERNST by 083 656 4992

www.treecarepta.co.za

DIE ONSIENLIKE METGESEL

*Ek is by julle al die dae tot
die voleinding van die wêreld.*

Matteus 28:20

Hoe jy ook al die evangelie van Jesus Christus interpreteer, indien dit na-laat om Christus die middelpunt van jou lewe te maak bereik dit nie die beste vir jou geestlike lewe nie.

Dis alleen moontlik om bewus te wees van die lewende teenwoordigheid van Christus as Hy die ereplek in jou lewe beklee. As Hy gedegradeer word tot 'n minderwaardige posisie, sal jy nooit die vreugde smaak wat sy teenwoordigheid in jou lewe meebring nie.

Al kan jy Hom nie sien nie, kan jy jou deur geloof in sy teenwoordigheid plaas. Praat met Hom soos met 'n vertroude en geliefde Vriend. As jy jou gees en denke by Hom ontlaai, skenk dit jou nie alleen vrede en bevryding nie, maar dit verstewig ook die liefdesband tussen julle.

*Jesus my Here, trek my steeds na U sodat ek te alle tye
bewus sal wees van u lewende teenwoordigheid. Amen*

Ozroveh S. (2008) Genade vir elke Oomblik,
Christian Art Gifts RSA, bl. 26 Desember



	8		3	7	9	
9				6		7
		1			4	
4						3
	9		1		2	
6						1
		9			3	
5			2			9
	4		7	8	1	

Sempre Opera bied aan: *Gloria in Excelsis Deo!*

Kom deel in die vreugde van die feesseisoen tydens 'n klassiekemusiekkonsert deur Sempre Opera-soliste en 'n vyfstuks- instrumentale ensemble. Gloria in excelsis Deo! vier die boodskap van liefde en vrede van die Kersseisoen met soliste Loveline Madumo (sopraan), Linette van der Merwe (mezzo-sopraan), Chris Mostert (tenoor) en Otto Maidi (bas-bariton). Die program sal in almal se smaak val met 'n allegaartjie van klassieke en opera-gunsteling tot tradisionele kersliedsamesang.

Kaartjies kos R100 vir die kleedrepetisie op 16 Desember om 19:00
en R220 vir die res van die konserte (17 en 18 Desember om 19:00
en Sondag 19 Desember om 15:00).

Kaartjies beskikbaar by www.afriforumteater.co.za



NG Kerk Rietfontein-Suid

Finansiële Verslag: Januarie 2021 tot Oktober 2021

Inkomste vir die tydperk	R1 650 678
Uitgawe vir die tydperk	R1 709 499
Netto tekort	R 58 822

Baie dankie aan elkeen wat 'n verskil met jul bydraes maak.

Antwoorde vir Toets jou Bybelkennis op bladsy 12

- | | |
|--------------------------------|-------------------------------|
| 1. Gabriël (Luk 1:19) | 2. Simeon (Luk 2:28) |
| 3. Maria Magdalena (Mark 16:9) | 4. Salome (Mark 15:40) |
| 5. Daniël (Matt 24:15) | 6. Heilige Gees (1 Kor 15:45) |
| 7. Timoteus (1 Kor 4:17) | 8. Titus (2 Kor 2:12-13) |
| 9. Jairus (Mark 5:22) | 10. Matteus (Matt 10:3) |
| 11. Sebedeus (Matt 20:20) | 12. Ananias (Hand 9:10-11) |
| 13. Elia (Matt 27:47) | 14. Epenetus (Rom 16:5) |
| 15. Agabus (Hand 21:10) | 16. Tomas (Joh 20:24-29) |



RIETFLUIT REDAKSIE & ADMINISTRASIE

Vir enige navrae oor advertensieplaasing, getuienis, voorstelle of nuus oor u bediening, stuur gerus 'n e-pos vir Ilze du Plessis by ilzedples@gmail.com.
Kontak nommer is 0721113100